HOE OM NA GOD TE LUISTER (2)
22 Oktober 2006
Ds Freddie Schoeman

Hoekom is dit belangrik om na God te kan luister?

- Ons het sy leiding en wysheid nodig. Die lewe is kompleks. Daar is baie vrae. Ons moet dikwels belangrike besluite neem.
- Ons het sy nabyheid nodig. Hoe meer ons luister hoe meer ervaar ons God se nabyheid en sy krag. Hoe minder alleen voel ons.
- Omdat dit vir ons belangrik is om dissipels te wees wat vrugte dra tot eer van die Vader.

Ons is besig om die vraag te vra: [Skyfie 11]*Hoe luister ons na God?* Verlede week het ons gekyk 'n aantal struikelblokke (geraas van buite en binne). Ons het ook gekyk *na wie* luister ons in die proses om na God te luister: nl. [Skyfie 12] God se Woord, [Skyfie 13] na mekaar en [Skyfie 14] na ander en die tye. [Skyfie 15] En ons het nie klaar geluister voordat ons nie oorgaan tot doelgerigte diens nie.

In die derde plek het ons verlede week gekyk na die regte houding en gesindheid wat ons moet hê as ons regtig na God wil luister:[Skyfie 16] *leerbaarheid* wanneer ons na God se Woord luister; [Skyfie 17] *vertroue* wanneer ons na mekaar luister; [Skyfie 18] *deernis* as ons na ander en die tye luister. [Skyfie 19] En dan moet ons *openheid* aan die dag lê wanneer ons wil oorgaan tot doelgerigte diens.

Vandag kom ons by die praktyk van luister uit; die *hoe* van "Hoe luister ons na God." Om ons te help hiermee is 'n luistersiklus ontwikkel. [Skyfie 20]

Hierdie luistersiklus bestaan hoofsaaklik uit drie bewegings (die drie groot sirkels op die agtergrond. Die eerste beweging is *rus.* (links bo) Die tweede beweging is *hoor*, (onder) en die derde beweging is *leef* (regs bo). Dit is dus basiese ritme: ons moet eers tot rus kom by God. Daarna moet ons hoor. En dan moet ons dit wat ons gehoor het gaan leef of doen.

Ons kan nie regtig God se stem hoor as ons nie hart en siel *by Hom* is nie. Daar is twee dinge wat ons kan doen om tot rus by God te kom. Dit word verteenwoordig deur die twee kleiner prentjies in die groter sirkel. Kom ons gaan kyk na elkeen van hulle.

[Skyfie 21] In die heel eerste plek moet ons verstaan dat God reeds teenwoordig is. Niks wat ons doen maak Hom teenwoordig nie. Ons nooi nie God uit om na ons toe te kom nie. Hy nooi ons uit om bewus te word van sy teenwoordigheid en om bewustelik tyd in sy teenwoordigheid deur te bring.

In Matt 11:28 lees ons Jesus se uitnodiging: *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.*

Ons kom dus in die heel eerste plek na God toe met ons sorge en ons kom lê dit voor sy voete neer. Dit beteken dat ons van al die geraas in ons binneste sal ontslae raak: ons eie drome en begeertes, en vrese, bekommernisse en angs, ons hartseer en ons pyn. God nooi ons uit om in stilte net eers by Hom te wees.

Om by God te rus beteken in die tweede plek dat ons in God se tyd sal ingaan. [Skyfie 22] Dit behels dat ons rus van eie aktiwiteit en ons eie besig wees - en bewus word van die feit dat God die een is wat optree en handel, en dat ons Hom moet volg. Die viering van die kerklike jaar stel ons in staat om te sien wat God gedoen het, steeds doen en ook wat Hy gaan doen.

Hy het mens geword in ons tyd (Kersfees / Epifanie), Hy het tussen ons kom woon en werk (Tyd na Epifanie). Hy het in ons plek aan 'n kruis gesterf, Hy is begrawe (Lydenstyd) en is weer opgewek (Paasfees). Nadat Hy na die hemel toe opgevaar het, het Hy die Heilige Gees uitgestort (Pinkster), en deur sy Gees vir ons 'n klomp gawes kom gee. Hy gebruik hierdie gawes om sy koninkryk deur ons te laat kom (Koninkrykstyd). En eendag gaan Hy weer kom en alles nuut en heel maak (Advent).

Ons maak dus ons dagboeke toe en ons vergeet van ons programme en projekte - en fokus vir 'n wyle op *God* se program, en sy agenda. Ons rus dus van ons besig wees en ons angstigheid om die volgende ding gedoen te kry; en raak net rustig by die wete dat God ook werksaam is en dat alles nie van ons afhang nie!

Dan begin ons die tweede groot beweging van die luistersiklus: die hoor-beweging. In hierdie beweging luister ons na God se Woord, na mekaar, en na ander en die tye - en dan weer na God se Woord.

[Skyfie 23] Ons kan die Bybel op baie verskillende maniere lees. Ons kan die ondersoekend lees, of ons kan dit vlugtig lees, of ons kan dit analities lees ens. Maar om die Bybel luisterend te lees is iets heeltemal anders. Dit is 'n kuns wat bemeester moet word. Dit verg oefening en toewyding.

Dit is goed om hierdie kuns binne groepsverband in te oefen. Ons help mekaar in die proses en ons kan ons frustrasies met mekaar deel en mekaar moed inpraat.

Daar is twee basiese benaderings om luisterend met die Skrif om te gaan. Ek wil graag aanbeveel dat beide hierdie benaderings gebruik word. Dis soos die twee vlerke van 'n voël of 'n vliegtuig. Die een is die Bybelstudie benadering en die ander een is oordenking / meditatiewe benadering. (Ps 1). Die Bybelstudie benadering beklemtoon as verstand in die proses van luister en die ander een ons hart. Ons het altwee benaderings nodig as ons regtig wil hoor wat die Here vir ons wil sê.

Die Bybelstudie benadering behels dat ons boeke sistematies van begin tot einde deurlees en bestudeer. Ons moet weet wie die skrywer is, vir wie hy geskryf het, wanneer hy dit geskryf en wat die agtergrond en omstandighede waarbinne hy/sy geskryf het was. Die Woordwyser help ons nogal baie in hierdie benadering. Ons wil graag verstaan wat die bedoeling was van die skrywer, wat die boodskap was wat hy wou oordra ens. Ons wil graag elke vers binne konteks verstaan. En dan probeer ons verstaan wat dit vir ons dag wil sê oor God en oor mense en oor die verhouding tussen God en mense.

Die meditatiewe benadering is heeltemal die teenoorgestelde. Dit benader die Bybel van 'n ander hoek. Ek verduidelik hierdie benadering aan die hand van 'n voorbeeld:

Vanoggend se voorgeskrewe gedeelte in die Woordwyser is Jeremia 32:26-44. Ons kan dit 'n slag of wat deurlees en dan 'n korter gedeelte kies. Ons die Heilige Gees vertrou om ons aandag te vestig op 'n paar verse in die gedeelte.

Wanneer ons 'n kleiner gedeelte gekies het, kan ons begin om regtig luisterend te lees. Ons lees dit stadig, woord vir woord, en laat toe dat die gedeelte op ons inwerk - so, dat ons dit nie net met ons kop verstaan nie maar ook met ons hart.

Terwyl ons lees wag ons dat die Here 'n spesifieke woord, frase of sin vir ons uitwys. Partykeer moet ons die gedeelte 'n paar keer deurlees voordat iets vir ons uitstaan. Sodra dit gebeur, het ons voorlopig klaar geluister na die Woord.

Die volgende stappe in die luistersiklus is dan om na mede-gelowiges te luister en dan na ander en die tye.